KWALITEIT LAMMER-OESTE- VERHOOGDE EN VOLHOUBARE WINS

(12 MAANDE OPLEIDINGSPROGRAM VIR WOLBOERE)

We teach what you need to succeed

Hierdie praktykgerigte opleidingsprogram bied aan elke wolboer die geleentheid om daardie bestuursaspekte en -vaardighede wat die grootste invloed op die ooikudde se reproduksie het, aan te leer en toe te pas.

Die program word vir klein groepe boere aangebied, wat ses tot sewe kere tydens die opleidingsperiode op mekaar se plase bymekaarkom. Elke byeenkoms is só geskeduleer dat dit saamval met ’n belangrike fase in die ooie se reproduksiesiklus. Elke groep ontvang vaardighede en kennis om hul ooikuddes se produksie te maksimaliseer.

1 PAARTYD

Doelwit: **Maksimum persentasie ooie dragtig**

Fokus: **Goed voorbereide en viriele ramme**
Goed voorbereide ooie

2 VROEË- EN MID-DRAGTIGHEID

Doelwit: **Maksimum fetus-oorlewing en plasenta ontwikkeling**

Fokus: **Ooie met minimum stresvlakke**
Behoorlike ontwikkeling van die plasenta vir maksimum uierontwikkeling later in die reproduksiesiklus

3 LAAT-DRAGTIGHEID

Doelwit: **Maksimum ontwikkeling van die uier vir maksimum bies- en melkproduksie gedurende laktasie om maksimum lamoorlewing te verseker**

Fokus: **Ooie wat goed gevoed en gesond is**
Begin vroegtydig om die predasiefaktor in die lam-areas onder beheer te kry

4 LAMTYD EN VROEË LAKTASIE

Doelwit: Maksimum lam-oorlewing

Fokus: **Toesig oor ooie wat lam**
Lammers wat goed gevoed word
Identifiseer ooie met swak moedereienskappe

5 MID- TOT LAAT-LAKTASIE

Doelwit: **Maksimum lamgroei**
Behoorlike ontwikkeling van die ooie se volgende generasie eiselle

Fokus: **Lammers wat die oorgang van "suip" na "self vreet" suksesvol oorbrug**
Ooie wat nie oormatig kondisie verloor nie
Identifiseer ooie wat lammers verloor het

6 SPEENTYD

Doelwit: **Minimum speenskok**
Vinnige herstel van die ooikudde voor die volgende lamsiklus

Fokus: **Toesig oor gespeende lammers**
Identifisering van vervangingsooie
Uitklas van ooie wat nie gespeen het nie, asook ou ooie en ooie met uierprobleme

7 NA-SPEEN EN VOOR-PARING

Doelwit: **Tydige voorbereiding vir die volgende lam-siklus**

Fokus: **Voervloeibeplanning vir die volgende lamsiklus**